



# Die gravisteken in woorde van vreemde herkoms


| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **vis-à-vis** | Interessant genoeg is hierdie woord 'n voorsetsel wat 'n verhouding tussen sinsdele uitdruk deur aan te dui dat een ding teenoor iets anders staan of betrekking het op iets anders. Dit word ontleen aan die Franse *vis-à-vis* wat weer verband hou met die Oudfranse naamwoord *vis* ('gesig'). | *Dirigente tree as gidse op* ***vis-à-vis*** *die orkeste of kore wat hulle lei.* [Luister na die uitspraak in verskillende variëteite van Engels.] |
| **crèche** | Uit die Franse *crèche* ('kinderdagverblyf'). Hierdie woord gaan terug op die Oudfranse *creche* wat 'krip' of 'eetbak' beteken. Dit kan verder herlei word na Oudhoogduits *kripja* wat 'krip' of 'wieg' beteken en verband hou met die krip in die stal waar Jesus gebore is. | *Die* ***crèche*** *het die bus vir die uitstappie gehuur.* |





| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
| --- | --- | --- |
| **pietà (ook piëta)** | Dit verwys na enige visuele uitbeelding van Maria wat sit en die gestorwe Jesus in haar arms hou. Dit word ontleen via die Italiaanse *pietà* aan die Latynse *pietatem* wat ‘medelye’ of ‘getrouheid aan natuurlike bande’ beteken. | *En kán jy dit wel dra, die smart van ’n* ***pietà****?* |
| **première** | eerste openbare vertoning van ’n rolprent, ’n balletuitvoering, ’n toneelstuk, ens; uit Frans. | *Sink het verlede jaar tydens sy* ***première*** *op die Silwerskermfees in Kaapstad ’n handvol toekennings ingepalm.* |
| **voilà** | siedaar; ontleen aan Franse *voilà*, wat ’n bevel aandui om te kyk na iets. | *“****Voilà****!” roep hy uit en maak ’n oordrewe hofbuiging voor Gigi.* |
| **barrière** | versperring; uit Frans. | *Ons kom ’n nuwe ding teë op ons reis: ’n ander soort padblokkade. Een wat die verkeer stop as dit reën, genaamd ’n* ***barrière*** *de pluie.* |



| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **ampère** | maateenheid vir elektriese stroomsterkte; uit Frans, en meer spesifiek vernoem na die Franse natuurkundige, André-Marie Ampère. | *Op hierdie stadium verskaf Eskom net genoeg* ***ampère****, sodat die munisipale netwerk dit kan hanteer.* |
| **crème** | room of roomkleurig; ontleen aan die Franse *crème*. | *Roer die heelkorrelmosterd, Dijon-mosterd en* ***crème*** *fraîche by.*<br><br>(crème fraîche – dik, verouderde room met 'n ryk, fluweelagtige tekstuur en effens suur smaak)<br><br>***Crème*** *brûlée is die ideale nagereg: Dit kan vooraf berei word en is nie te soet nie.*<br><br>(crème brûlée – nagereg van vla bedek met 'n lagie gekaramelliseerde suiker)<br> |